# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

Jaargang 5 Volume 12 DESEMBER 1992 Prys R1.50


# BEKENDE DEEL IN DRIEKAMP-PRET


Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**

**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop



Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.



Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.


Alhoewel daar net veertien deelnemers aan die Driekamp op 28 November deelgeneem het, was die inskrywing van Adri Vermaas van Bloemfontein 'n groot verrassing. Adri het al verskeie kere aan die S.A. Kampioenskappe deelgeneem. Dit was egter nie moontlik vir sy vrou om ook deel te neem nie, daar sy pas van die Wêreld Dubbelkamp-byeenkoms teruggekeer het en nog uitgeput was. Maar volgens Adri het hulle dit so op Zastron geniet "dat hul beslis nie die volgende Driekamp gaan mis nie!"

Dit was ook die eerste keer dat daar in verskillende ouderdomsgroepe meegeding is. Die uitslae was as volg: 1. Adri Vermaas 33:35 2. Muskiet van Blerk 38:22 3. Dermott Cusens 39:07 4. Christo Crous 39:13 wat die vyfde vinnigste tyd oor die afgelope vier jaar opgestel het. 5. Dirk van Heerden 42:14 6. Roux Fouché 42:14 7. Wicus Olivier 42:16 8. Sarel Dry 44:32 9. Fritz Fenwick 44:51 10. Pieter de Wet 47:23 11. Cobus Steenkamp 47:50 12. Ronel de Wet 52:24 13. Yolanda Hattingh 53:28 14. Jaco van Zyl 54:20 15. Kallie Botha 54:20

Dankie aan die borge Louis Muller en Adri Vermaas.

**Hier verskyn Dermott Cusens en Roux Fouche saammet die bekende Adri Vermaas. Zastronners het ook die voorreg gehad om Adri se fiets wat 'n hele R12 000 kos, van naderby te beskou.**





**ZASTRON APTEEK**
**Gesondheidsorg & Diens**

*Klein geskenke vir die hele gesin!*




*Golden China TV-Game Nou hier!*

**Tel.(05542)54 of 355** **Bus 400, Zastron**

**NUWE MASJIEN SKEERDIENS**
***met opgeleide NWKV Skeerders***

Ook beskikbaar
***Klasser***
***Afrander***
***Wolgooier***
***Kragopwekker***

Vir die laagste pryse kontak

**HARRY PRINSLOO**
TEL. SMITHFIELD 2731

# N.G. KERK ZASTRON EEUFEESNUUS

Met die oog op die Eeufeesviering aanstaande jaar, word die name van die leraars wat in die Zastron-gemeente gearbei het, geplaas:

J. du Plessis 1894-1899
P.A.M. de Vos 1899 - 1929
J. Rabie 1930 - 1945

Interessant is dat Zastron gedurende die eerste 50 jaar slegs drie predikante gehad het! Vir die daaropvolgende 50 jaar, was daar twaalf leraars:

J.A.J. Macdonald 1946 - 1950
P.L. Celliers 1951 - 1958
G.C. le Roux 1952 - 1957
S.A. Opperman 1057 - 1961
W.J. Smit 1960 - 1964
J.L. Potgieter - 1962 - 1964
J.G. Bezuidenhoud 1965 - 1969
P.W. Joubert 1969 - 1975
L.J. Holtzhausen 1976 - 1978
N.F.P. Burger 1979 - 1986
S.S.L. de Witt 1986 -
J.N. de Klerk 1988 -

**DISCOUNT BARGAINS**
Matheestraat 7
***Die Gesinswinkel***
Ons hou iets van alles aan
Kruideniers, Klerasie, Meubels
Elektriese ware, ens.
'n Groot hoeveelheid kersgeskenke nou in voorraad. Loer gerus in u sal aangenaam verras wees
***Ons gee persoonlike aandag aan al ons kliente***

Indien gemeentelede staaltjies oor die oud-leraars ken, sal ons dit waardeer om van u te hoor, met die oog op plasing in ons Feesblad.

Hierdie staaltjie het ds. Celliers met groot smaak vertel aan Hennie Vermaak, oud-prokureur van Zastron in die jare vyftig: Ds. en mev. Celliers het een vakansie die land kruis en dwars gery om by familie en vriende te kuier. Met hulle terugkeer na Zastron, hou dominee stil onder 'n boom by die plaas "Sadowa" en sê: "Anneke, ons het nou so ver gery en alles was voorspoedig en nooit was daar enige teëspoed nie. Sal ons nie nou maar hier ons oë toemaak en vir die Liewe Heer dank vir Sy bewarende hand oor ons nie?" Toe hy 'n ruk daarna die motor probeer aanskakel - was die motor egter morsdood! Dominee het vergeet om die motor weer vol petrol te maak!

# REDAKSIONEEL

## 'N KERSWENS VAN WARE GELUK

Wanneer jy mense vra wat hul idee van geluk is, kry jy dikwels antwoorde soos "'n bank vol geld, groot sukses of roem, 'n ewige vakansie by die see, 'n huis vol kinders." En vir die meeste is die verwesenliking van hul drome dikwels ver ....... iets vir eendag!

Soms is dit seker goed om te droom, maar vandeesmaand wil ek graag verby die materiële behoeftes kyk, want geluk is eintlik baie naby - binne ons almal se bereik. Iemand het dit vergelyk met 'n skoenlapper wat skrik en wegvlieg as dit gejaag word, maar wanneer jy stil word, kom sit dit maklik op jou skouer ......

Om só stil te word, beteken dat jy jou omstandighede aanvaar, dat jy jou seëninge tel en jou verbly in Hom deur wie en tot wie alle dinge is. Dan sal jy vind dat die herinneringe aan gister toe jy nog jonk en mooi was, of toe jy nog presteer het, of die onsekerheid oor die dag van môre of die nuwejaar nie meer belangrik is nie. Want dan leef jy blymoedig vir vandag en vind geluk in dit wat jy het.

Ds. Kobus van der Westhuyzen het eendag geskryf: "Bereken jou bates; miskien kom jy tot die ontdekking dat God juis jou begeertes onvervul laat omdat jy nog nie genoegsaam gehandel het met wat Hy aan jou gegee het nie."

Kom ons gebruik dit wat ons het. Kom ons gee vir mekaar dit wat ons het. Kom ons voel "die goddelike dou vanaf die blom van die amarant en die goue vrugte van die Paradys" op ons neerdrup. Mag dit elkeen se ervaring in hierdie Kerstyd wees.

**REDAKTRISE**



# BRIEWE

Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Vrydag, 22 Januarie 1993.

DIE OOG BAKKERY
Tel. 584
Mooi Kerswense aan u almal
Dankie vir die ondersteuning
★★★★★
Hans & Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn

## BAIE DANKIE

**ADEO EN ANLIE EN STEFAN SCHOEMAN** wil vir al die Zastronners baie dankie sê vir hul gasvryheid en vriendelikheid. Dit was 'n wonderlike jaar en ons is baie spyt om weg te gaan. Ons gaan julle almal baie mis.

**MEV. LENA HOFFMAN** wil graag vir Anna-tjie van der Walt, Elize Jansen, Elize Steyn en Anton Scorrano bedank vir hul skenkings en hulp toe sy op kort kennisgewing 'n begrafnis-tee moes reël. Sonder julle hulp sou dit nie moontlik gewees het nie.

**HANLIE VAN PLETSEN** skryf: Soos baie van julle al gehoor het, gaan ek julle op 4 Januarie verlaat. Ek wil dus van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir jul vriendelikheid en gebede. Aan Rob en Ilse Brüning, Riaan en Tersia Deneys, Hannes Calitz en die Labuschagne's van Neves Kafee - baie dankie dat julle aan my werksgeleentheid gebied het.

Mnr. Rochér en die skool - dankie vir alles wat julle vir my kinders beteken het. Ek is ook dank verskuldig aan ds. Paul vir die voorreg om vir die St.2's te kon Sondagskool hou. Ds. Nico - baie dankie! My familie en vriende hier op Zastron het my ondersteun en gedra tydens 'n baie moeilike tyd in my lewe. Aan die Tennisklub dankie vir julle geduld. Wat vir my 'n ontsettende séér tyd was, het ook vir my 'n kosbare tyd geword. Die afgelope nege maande op Zastron sal ek altyd koester. Ek is trots daarop om 'n oud-Zastronner te wees!

**PIERRE ROCHER SKRYF:** 1992 het vinnig ten einde gespoed. 'n Jaar waarin snelle veranderinge ook op die onderwysterrein neerslag gevind het. Die Hoërskool Zastron wil elke lid van die gemeenskap bedank vir hul bydrae in belang van ons skool en leerlinge. 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 1993 word u almal toegewens.

**DIE LABUSCHAGNE-FAMILIE** wil net graag hul opregte dank uitspreek teenoor al ons vriende, familie, dokters Van Zyl en Swanepoel, asook ds. Paul en Nico vir die bystand met die afsterwe
van Bokkie. Nie 'n enkele oproep, kaartjie, telegram, ruiker of besoek het ongemerk verby gegaan nie. Vir almal wat eetgoed gebring het en die dames wat vir die verversings na die begrafnis verantwoordelik was, baie dankie!

## BAIE GELUK

**P. FONTERNEL, ZASTRON SKRYF:** Ek wil graag Die Zastronner gelukwens met die goeie en opbouende redaksionele bydrae wat maandeliks verskyn. Dit wat geskryf word, is waar en as jy dit twee of driemaal lees, kom jy tot die besef dat daar ook vir jou 'n les is. "Die gewone mens wat nooit die lof van die lourierkrans smaak nie, is ook sierstene in 'n groot muur. Liefde is om te onthou ..... om te gee soos ons graag wil ontvang, om te vergewe, soos ons ook vergewe wil word, om te seën soos ons geseën wil word en om vry te maak, soos ons vry gemaak wil wees." As daar ooit iets was wat van 'n snobistiese nes 'n leefbare paradys gaan maak, dan is dit Die Zastronner! Baie geluk en hou altyd so aan.

## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Ek kan dit byna nie glo - oor 'n paar dae is dit Kersfees en dan is 1992 finaal iets van die verlede. Nietemin hoop ek dat dit vir u 'n vreugdevolle jaar was.



Graag wil ek die jaar afsluit en 'n ware Kersstorie met u deel. 'n Desperate vrou het aan Kersvader 'n brief geskryf en haar wens om nuwe gordyne vir die huis te koop met hom gedeel. Sy het egter R600 nodig gehad om haar wens te vervul! Die Poskantoor-personeel (wat heel dikwels "kersvader-briewe" ontvang) was so geraak deur hierdie vrou se skrywe en geloof dat "Kersvader" wel aan haar versoek sal voldoen, dat hulle besluit het om 'n plan te beraam.

'n Spesiale fondsinsameling is onderling gereël en die mooi bedrag van R400 is deur hulle ingesamel. Met groot opgewondenheid is die geld met komplimente van Kersvader aan die vrou gestuur.

'n Paar dae later ontvang die Poskantoor weer 'n brief van haar en groot was hul verontwaardiging toe hulle lees: "Liewe Kersvader, baie dankie vir die geld wat jy gestuur het. Dit was vriendelik van jou. Ek het egter net R400 ontvang en is doodseker dis weer die Poskantoor-personeel wat die ander R200 laat wegraak het!"

Om te vergoed vir al die kere wat ons dan die Poskantoor verniet beskuldig, sê ons 'n slag dankie vir hul diens. Op hierdie hoë noot wens Sinterklaas almal 'n geseënde Kersfees toe. Geniet die vakansie en kom veilig terug - Dis nou vir diegene wat kan weggaan en vir die tuisblyers - geniet dit by die huis en sorg dat alles veilig bly!

Groetnis, Sinterklaas



# LIEWE KERSVADER ..... VAN DIE SUB A'S & B'S

Kersvader ek wil soo graag 'n bergviets he. kersvader ek sal die voordeer oop los moenie vergeed. Ek wil 'n raadooi wat misiek speel he. Ek mos elke kersvees vir jou swiets. vader-krusmis jy moet virsugtig waant pa lê en slaap met sy wind-buks en ek wil soo graag 'n daanie Botha tuip he aaseblief. Ek is mal oor plate. My naam is Jacques en my van is Botha. en ek wil 'n hok-min he. jy het mos soo lang pyp waar jy deer blaas jy moet nie my waker maak nie jy moet my pa en ma aan die slaap blaas. (Sub A)

Deon van Zyl (Sub A) - Geagte kersvader ek wil asb 'n ordentlike vis-stok hê ons is op kersdag by die see huis. ek sal die deur toe maak maar jy kan op jou toone loop want die deur is nie gesluit nie. op die deur is 'n swart bord en op die swart bord staan moerieses.

David (Sub A) skryf: Al wat ek wil hê kersvader is 'n windbuks. Ek sal vir jou die deer oop los maar jui moet oppas vir my pa want hy draa elke dag sy rewolwir. Kersvader jy moet maar wegkryp.


NESNA
Reichenbergstraat
(vroeer C.M. Biz)
*wens al hul lojale klante 'n Geseënde Kersfees & voorspoedige Nuwejaar toe*
TEL. 516


Anesta van Wyk (Sub A): Ek wil 'n pop hê of 'n radio. Ek sal die voordeur oop los. Ons sal vir jou wors los om te eet. Jy moenie by die ver-keere-ri kammer in gaan nie. Ons bly in voor-trek-kir-straat 32.

Kersvader ek wil 'n teevie speljie he. Kersvader jy moet by die agter deur in kom. My naam is Gustav en ek lby in Mallerbestraat jy moet daarjeen gaan. Jy moet nie in my pa se kamer in gaan nie. Jy moet in my kamer ingaan. (Sub A)

Liewe Kers-vader ek wil asseblief 'n speel-beer hê vir kersvees. Kersvader my naam is Zanelle. Jy moet nie in my ma en pa se kamer inkom nie. Onthou net ek sal vir jou 'n venster oop los. moet nie te vroeg kom nie jy moet eers wat totdat almal slaap. (Sub A)

Liewe kersvader. Ek wil 'n ak47 hê want ek het nog nooit 'n ak47 gehaat nie. Van De Wet (Sub A)

liewe kersvader. Ek wil graag 'n radio hê wand ek het nog noojd 'n radio gekry nie en ek wil soo grag 'n radio met 20 typs daarop hê. Michelle (Sub A)

Juanita Fouche Sub B - Liewe Kersvader ek wil graag 'n motor-fiets hê asseblief. maar dit moet 'n klein motorfiets wees. Ek wil graag 'n katjie ook hê want katjies is vir my baie mooi. Ek is lief vir kers-vader baie dankie vir al die mooi persente wat kersvader vir ons altyt gee. Ek wil ook asseblief skoene hê wat kan plak. Hulle moet 'n nommer een wees.

Liewe Kersvader. Ek wil asseblief 4 geskenke hê: dis 'n dubbel-pak kokies, 'n horlosie, 'n fiets, klere en geld. en Sunflower potlode. Ons plaas se naam is Lille, Zastron. Maria de Klerk - Sub B

Liewe kers vader ek wil 'n fiets hê. Ek wil skool toe ry. Ek wil baie dinge doen met my fiets. Ek bly by die karavanpark. Van Kevin Sub B

Liewe kersvader. My kerswens is dat ek 'n barbie wat verwag en 'n ken kry. Ons bly naby makaleenbrug. Ons plaas se naam is Laon. Van Maneste Sub B.

Liewe Kersvader, ek wil grag 'n perd en 'n spytgeweer en ek wil 'n botteltjie lokaas hê. Ek bly op die plaas. Jaco Potgieter Sub B

Liewe Kersvader. Ek wil soo graag 'n motorfiets hê maar ek weet jy sal dit nie kan bekostig nie. Ek wil asseblief 'n klein hondjie hê en ook nog 'n krieket stel. Ek wil ook 'n jakkals slagyster hê. Ek wil asseblief nog T.V. speletjies hê. Ek bly op 'n plaas naby vanstadensrus. ons plaas se naam is Betel. Van J.B. Smith Sub B

Liewe kersvader ek wil 'n staffie hê en ek wil 'n mooterfiets hê. kersvader jy moet dit so gou as moontlik af leewer. Ek bly in meyerstraat 51. Baai kers vader. Leon Scorrano Sub B

Liewe Kersvader. Ek wil graag hierdie jaar een van die nuwe Barbies hê met die blink oë wat soos blou oorbelle lyk en een van die monsters met hare wat lekker ruik. Groete Marilette Watkins Sub B


DIE UNIE DRANKWINKEL

TEL. 2
BUS 3
6
'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar


Liewe Kersvader. Dankie dat jy laas jaar vir al die kindertjies geskenkies kon gee sodat hulle ook 'n mooi nuwe jaar kon kry. Ek wil graag 'n Barbie pop en 'n ken hê en ek wil graag ook 'n swembad kry. Groete Erika Brüning Sub B

Liewe Kersvader Baie dankie vir laas se geskenke. Ek soek asseblief hierdie jaar 'n radar bakkie of ek soek asseblief 'n regte geweer. Liefde Hernu Swanepoel Sub B

Briewe is onveranderd. Weens gebrek aan spasie, kon net 'n paar briewe geplaas word.


GREYLING-VERVOER
bied aan
Algemene vervoer van tien ton vragte
* Lewende Hawe
* Meubels landwyd
(Toe vragte)
Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL. 3302 ZASTRON

# KLEUTERSKOOL-AFSLUITING

Op 1 Desember het 'n groot gebeurtenis in die stadsaal plaasgevind. Zastron het 'n lansering na die maan beleef. Aan boord was Liewe Heksie, Blommie-Kabouter en Matewis. Op die maan het die maanmannetjies en die -blommetjies hulle verwelkom. Die sterretjies, die Koningin Maanstraaltjie en haar feetjies het saam met Heksie 'n plan beraam om ou Koning Pikswart en sy soldate te fnuik. Hulle aksie met die toorpoeier het goed gewerk en van toe af was daar vrede op die maan!

Zastron se toekomstige "akteurs/aktrises" in aksie




**WACKO'S VIR VIDEO'S**

(Langs die Poskantoor)

*'n Geseënde Kersfees en voorspoed vir 1993*

**Tel. 246**




Tydens dieselfde geleentheid is 'n gelukkige wenner, mev. Rosa van Tonder, aangewys. Sy het 'n pragtige skildery, geskenk deur Helen Shaer ontvang. Pinocchio Kleuterskool sê nogmaals baie dankie vir al die ondersteuning en lojaliteit.

# ZASTRON MUNISIPALITEIT

Geliewe kennis te neem dat die Munisipale Kantore, Kliniek en Biblioteek oor die Kerstyd gesluit sal wees. Die kantore sluit op 24 Desember om 13h00 en heropen weer op 4 Januarie. Buitedienste sal normaal voortgaan.

Eskom het 'n tariefaanpassing van 8% aangekondig met ingang 1 Januarie 1993. Die Raad het egter besluit om die belastingbetalers tegemoet te kom en sal slegs 4% van die verhoging deurgee na die verbruiker, die ander 4% sal deur die Raad self gedra word.


# RENDEZVOUS GEBRUIKTE MOTORS

## LADYBRAND

***TEL. 2936/2729***

**NA URE: T. Nel 2441**
**B. Naude 2720**
**L. Steyl 40821**
**E. Lehasa 40088**


| | |
|---|---|
| 1991 Opel Cub 140 38 000 km | R25 300 |
| 1991 Toyota Cressida 2.4 GLE Man 19 000km | R44 000 |
| 1991 Nissan Sentra 1.3 SX 21 000 km | R27 500 |
| 1991 BMW 325 I Man (Full House) 65 000 km | R59 400 |
| 1990 Toyota Corolla 1.6 GL 44 000 km | R30 800 |
| 1990 Nissan Skyline GL + Air/C + Serv/R | R33 000 |

| | |
|---|---|
| 1988 Toyota Cressida 2.4 GLE At.Full House | R30 025 |
| 1988 Honda 130 + Air/C 78 000 km | R23 000 |
| 1989 Jetta CSX + Air/C 63 000 km | R28 500 |
| 1991 Toyota Hi-Lux 2.4 Diesel LWB 36 000km | R37 400 |
| 1992 Nissan One Tonner 1.8 SWB 31 000 km | R32 780 |
| 1991 Nissan One Tonner 1.8 LWB 33 000 km | R30 800 |

# NUUSBROKKIES

### GEBOORTES

Cois en Minda van Rooyen van Rouxville se eersteling, 'n dogtertjie is op 1 Desember gebore.

### HEENGEGAAN

Mev. Rema van Rooyen is op 1 Desember in die ouderdom van 69 jaar oorlede.

### SIEKTES

Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in Zastron-hospitaal: Mev. S.E. Lombaard van Huis Vergesig, mev. E.N. Pieterse, mev. M.S. Warden van Bloemfontein, mev. Jesse Schultz, mnr. H.J.S. Henning en Francois Fouché.


SQUARES

We wish you a Merry Christmas and Prosperous New Year

Tel. 281


### JANUARIE-VERJAARDAE
**N.G. Kerk Zastron**

1 Elizabeth Human
3 Antoon Smit
5 Anna Labuschagne, Hetta Botha, Paul Pitout
7 Betsie Schoeman
8 Andrew van der Merwe
9 David Naude, Jaynie Cordier
10 Nellie Swanepoel, Manie Botha, Lorraine Naude
11 Rachie Saayman, Wyn Botha
12 Hennie du Randt
13 Andries Swanepoel, Louwtjie Greyling, Anita Niewenhoudt, Francois Kalp
14 Martie Olivier
15 Jan Lategan, Santjie de Klerk, Zelda Theron
16 Esta Fonternel
17 Joey Snyman
18 Marthie Herselman
19 Frans Roodt, Bobbie Breen, Koba Nagel
20 Hannatjie Jordaan, Anita Potgieter
22 Karel Nortier
25 Willie Bester
26 Frik Smit, Lizette Erasmus
27 Bettie Naude, Andrew van der Merwe
28 Hester Walstrand, Johanna Lombard, Kobus Nortier

29 Emerentia Dall, Anna-lene van Wyk
30 Betsie van Rensburg, Annekie Els
31 Johan Fourie

**Vanstadensrus**

2 Kleinie Fouche
5 Naas Heyns, Jeanette Roux
11 Gert Greyling
16 Chris Gouws
19 Cathy van Rooyen
24 Barry Opperman

### NUWE AANSTELLINGS

Standard Bank se nuwe bestuurder is mnr. Danie Viljoen. Hy is getroud met Joanna en die egpaar het vier kinders, 'n seun (10) en 'n drieling wat nou drie jaar oud is. Mnr. Viljoen was vroeër bestuurder te Lindley.

Mnr. Theo du Toit van Bloemfontein is die nuwe bestuurder van BKB. Hy is ongetroud.

### NUWE INTREKKERS

Mnr. T.S. du Toit woon te Hendrikstraat 32 en mnr. P.G. Roelofse in Kerkstraat 10. Dirk en Riekie Rautenbach het hul intrek op Tweepan, Boesmanskop geneem.

### ALGEMEEN

Die Lionsklub het 'n baie geslaagde vlooimark op Saterdag, 28 November aangebied. Alles was reeds om 10h00 verkoop!

Aangesien dit so 'n groot sukses was, word 'n groter vlooimark vir einde Januarie beplan.

### MISDAAD

Op 8 November was daar 'n skietvoorval by Mayaputi-brug. Mnr. J.D. Griesel van Bloemfontein is in die arm gewond. Die saak word nog deur die Polisie ondersoek.

'n Huisbraak het op Mongohela van mnr. Hennie Botha voorgekom en klerasie ter waarde van R600 is gesteel.

Op die Felicia-grondpad is 26 sakke dagga gevind.

Mnr. Piet Labuschagne van die plaas, Eldorado het 6 merino's verloor, mnr. Blackie Swart van Mayaputi vermis 2 skape en mnr. Herman Meyer het die verlies van 20 merino's op die plaas, Dankbaar aangemeld.


Soekie Venter
Eiendomsagent
Tel. 72 alle ure

UNITED
ALLIED
SANTAM BEPERK

SANTAM MULTIPLEX
Die wydste dekking onder een sambreel

Lenings kan gereël word

Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON


## KERSSANGDIENS

Een van die gemeenteprogram se jaarlikse hoogtepunte bly die Kerssangdiens. Die aand van 6 Desember het Zastronners in groot getal bymekaargekom in 'n pragtig versierde kerk. Hier verdien veral Santie Kühn, Anita Nieuwenhout, Jan Smit en ander susters uit die gemeente vermelding vir hul groot werk. 'n Vol program het gevolg wat afgewissel is deur die verskillende kore van die kindertuin, hoërskool en kerkkoor. Die program is verder aangevul deur trompette en voordrag. So 'n diens is 'n wonderlike geleentheid vir 'n gemeente waar die Here uitsluitlik gedien word deur sang. Ook die name van Engela de Kock en Helene Swart as koorleidster en orreliste verdien spesiale vermelding.

# MALUTI HOTEL BREI UIT

'n Lieflike patio is pas voltooi en beloof om nog dié groot kuierplek op Zastron te word. Ligte etes sal gedurende die somermaand anaf 09h00 tot 18h00 in die buitelug bedien word. Die spyskaart sluit kontinentale ontbyte met roosterbrood, croissants, lemoensa konserve en konfyte in. Verder sal daar ook daagliks vars gebakte Quiche beskikbaar wees. Geroosterde toebroodjies met heerlik vulsels, soos byvoorbeeld Salami- en Roquefortkaas, Pannekoekies met verskillende vulsels en pasta geregte en slaaie sal bedien wor Asof dit nie genoeg is nie, word daar vir die soettand voorsiening gemaak met koelkas-maaskaastert, tradisionele melktert, gemmer tee muffin en sjokolade mousse. Melkskommels, vrugte drankies en 'n verskeidenheid tee's sal die dors les. Maar eintlik is dit te veel o op te noem, gaan kuier gerus daar en kies 'n dis wat u smaak pas!


**CALEDON MAKELAARS BK**

*U onafhanklike Versekerings-makelaars*

U het ons nodig indien u voel dat u -

- PREMIES TE HOOG IS
- PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD
- ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG

ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES

Skakel vandag nog

ZASTRON TEL. 259


Heerlik ontspan die vier dames op die nuwe patio



## SPYSKAART VIR KERSDAG

Maluti Hotel se keurige maaltye het geen bekend-stelling nodig nie. Maar Kersmaaltyd bly spesiaal en net om almal solank in die regte stemming te plaas, het mnr. Paul Botha sy spyskaart (regs) bekendgemaak.

## KOMPETISIE

Maluti Hotel soek na 'n oorspronklike naam vir die nuwe teetuin. Inskrywings kan aan mnr. Paul Botha by die Maluti Hotel gestuur word. 'n Gratis ete vir twee by die hotel is op die spel. Moenie wag nie, vind 'n naam!

**CHRISTMAS LUNCHEON**

R35-00

COLD SEAFOOD AND PATÉ
CRISPY BREAD ROLLS
***

ROAST SUCKLING PIG
CHICKEN LASAGNE
ROAST DUCK WITH ORANGE SAUCE
OXTAIL STEW AND RICE
***

VEGETABLES
***

VARIETY OF DESSERTS
CHEESE AND BISCUITS
***

COFFEE / TEA
***

MINT CHOCOLATES
***

TIME: 12 NOON CHILDREN: 6 - 12 YRS R20-00
UNDER 6 YRS R10-00

MALUTI HOTEL ★★ T YYY
OP DIE HOOGLAND ROETE


**SPRINGBOK KAFEE**



TEL. 46

Seënwense vir die feestyd


VANANCO
*Groothandelaars*
ZASTRON
Happy Christmas to all our clients and friends
TEL. 346 179
VRA VIR RONNIE OF MIKE

# SKOLENUUS

## MUSIEKUITSLAE

Veertien leerlinge het gedurende November die departementele praktiese trap-eksamen afgelê. Al veertien het geslaag. Anko Breytenbach, Niël van der Merwe en Dea van Rensburg het met 'n A-simbool geslaag. Agt leerlinge het met 'n B-simbool, naamlik bo 70% geslaag. Anko Breytenbach, Janine de Kock en Lindrie Swanepoel het ook die Unisa teorie-eksamen met lof geslaag.

# WAT HOU 1993 IN VIR DIE HOËRSKOOL ZASTRON?

"Die eise van ons tyd noodsaak ons om ook op onderwysgebied deeglik te beplan in belang van die leerlinge aan ons sorg toevertrou." so sê die skoolhoof, mnr. Rochér. Verskeie belangrike sake waaraan aandag gegee sal word, is uitgelig:

- Spesifieke leesperiodes gaan Dinsdae, Woensdae en Donderdae geskep word om leerlinge te prikkel om meer te lees.
- Studiemetodes en -gewoontes gaan sterk onder die soeklik kom. 'n Ouervergadering in hierdie verband word vir 19 Januarie beplan, omdat die vennootskap tussen ouerhuis en skool 'n deurslaggewende faktor is.
- Rekenaarbewustheid gaan ook doelgerig aangemoedig word.

Die onderwystema vir 1993 is bewaar vir die toekoms. Mnr. Rochér het beklemtoon dat "ons glo dat ons met die hulp van Bo ankers aan ons kinders kan verleen sodat hul die toekoms met vertroue tegemoet kan gaan."

**Belangrike datums vir die Eerste Kwartaal**

**Januarie**
13 Skool begin om 08h30
15-16 ACSV Kringleierskamp
19 Ouervergadering
22 Kleure-atletiek (middag-aand)
27 Swemgala
30 Atletiek (sirkel) - Dewetsdorp

**Februarie**
6 Atletiek - OVS Platteland - Bloemfontein
7-12 Verrykingsonderwys - Bloemfontein
11 Debat - Laerskool
12 Dans vir volwassenes
13 Atletiek - OVS Junior - Bloemfontein
18 St. 6-konsert
19-21 Voortrekkerkamp
23 Foto's: Klas en individueel
26-27 Atletiek - Inter-Primêr
26-27 ASCV-kamp

**Maart**
5-6 Inter Hoër
8 St 10 eksamen begin
12-18 Buitelugskool (St. 7)
19 Skool sluit
22-27 Voortrekkers Doornkloof(St.7-10)

Finansiële Adviesdiens
OU MUTUAL
Kry meer uit die lewe

GESEËNDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR
FJ SMIT

J. FOUCHE & KIE
*Prokureur*
Volkskas-gebou Tel. 259 (Z)
Zastron Tel. 6 (R)
BELEGGINGS
*Verbande en Finansiering*
BOEDELBEPLANNING
*Testamente en Boedelberedderaars*
EXACTAX
*Inkomstebelastingdienste*
EIENDOM
*Verkope en Verhuring*
VERSEKERING
*Makelaarsdienste*

# LEERLING BEHAAL VRYSTAAT-KLEURE

Erika Thormählen het tydens 'n atletiekbyeenkoms op Bethlehem 'n eerste plek in spiesgooi behaal met 'n afstand van 41,70 m. Daarna het sy die Vrystaat tydens 'n internasionale byeenkoms te Kimberley verteenwoordig. Met 'n afstand van 42,70m het sy 'n verdienstelike tweede plek behaal. Die kwalifiserende standaard om aan die S.A. Junior kampioenskappe deel te neem is 39 m. Baie geluk aan Erika met die mooi prestasie.

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25**

**TEL. 20**



**GESEËNDE KERSFEES EN VOORSPOED VIR 1993**

***Heerlike gevulde hoenders***

***Vars en gepekelde beestonge***

***Gevulde beesrol***

***Heerlike Soutvleis/Silverside/Borsstrook***

***Gerookte - en gepekelde Varkboude ("Gammons")***

***Gerookte en gepekelde Skouerhamme***

***"Chille-bites" nou te kry!***

## BRAAIDISSE

***Vark Steaks - gemarineer of vars***

***Spare Ribs - gemarineer of vars***

**Eiers vanaf R2.80 per dosyn**

**7% AFSLAG MET AANKOPE BO R100**

**SLEGS GELDIG VIR 22, 23, 24 DESEMBER 1992**

*Groete en Seënwense*

# DIE ZASTRONNER WENS AL SY LESERS 'N GESEËNDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE 1993 TOE

Namens **die Raad en personeel van Zastron Munisipaliteit** word hiermee aan die gemeenskap van Zastron 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toegewens.

**Nico, Elize, Jomi, Bennie en Anri Jansen:** "Ons wens alle Zastronners 'n Geseënde Kersgety toe; Mag Sy Vrede, wat alle verstand te bowe gaan, u deel wees. Verder hoop ons dat 1993 vir u vreugde en voorspoed sal inhou."

**Raadslid Willie en Rina Bester:** "Dit is vir ons 'n besondere voorreg om elke inwoners van Zastron sowel as die boeregemeenskap 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toe te wens. Gods ryksste seën."

**Councillor Willie and Rina Bester:** "We wish all the inhabitants of Zastron as well as the farming community a Merry Christmas and a prosperous New Year. God bless."

**Sias en Lena Hoffman** wil aan al hul familie en vriende 'n Geseënde Kersfees en Voorspoed vir die Nuwejaar toewens.

**Leslie, Mégan, Brian Higgs en Ouma Steen:** "Ons wens almal in Zastron 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toe. Mag julle die Vrede van Christus ondervind in die tyd en altyd."

**Leslie, Mégan, Brian Higgs and Ouma Steen:** "We wish all our friends in Zastron a wonderful Christmas and New Year. May the abiding Peace of Christ our Saviour be with you now and always.

**Hennie en Lena Swanepoel** wens alle Zastronners 'n Geseënde Kersfees toe en baie voorspoed vir 1993.

**Manus en Dalene Fouche** wens al hul vir vriende en familie 'n Geseënde en Vredevolle Kersfees en Nuwejaar toe.

**S.F. Mackey sê aan my Sanlam-kliënte:** "Mag Kersfees vir u die ware vrede bring en vir die komende jaar word u die seën van ons Here toegewens."


# BOOTS-'N-ALL

Posbus 449 Tel 206

***AAN ALMAL 'N GESEËNDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR***



Baie dankie vir julle waardeerde ondersteuning die afgelope maande

***WISHING YOU ALL A MERRY CHRISTMAS AND A HAPPY NEW YEAR***

Thank you for your valued support these past months

**Eienaars: H. Labuschagne & C. Cruywagen**

# VLU KYK TERUG OOR 60 VOL JARE




SALON SU-LEE

wens almal 'n Geseënde Kerstyd en Mooi Nuwejaar toe


Ter viering van die sestigste bestaansjaar van die VLU-tak op Zastron, het die bestuur alle oud-lede asook vriende op Woensdag, 25 November tydens 'n oggendtee onthaal.

Ongeveer 40 dames het die verrigtinge bygewoon. Onder hulle was mev. Anna de Kock, een van die twee oorlewende stigterslede. Sy het ook op die bestuur in 1934 gedien en onthou nog die stigtingsvergadering goed. Mev. Betta Human, die ander stigterslid kon ongelukkig nie teenwoordig wees nie.

Mev. Anna de Kock is vereer as stigterslid van die tak



Die program is opgevrolik deur mnr. Paul Botha wat heerlike idees vir 'n Kersdagviering met die lede deel. Hy doen aan die hand dat in plaas van 'n middagmaal op die hitte van die dag, mens eerder 'n laat ontbyt met sjampanje-pons, seekoskelkie en 'n verskeidenheid broodjies moet voorsit. Laatmiddag kan 'n ete met vleise en slaaie bedien word.

Die voorsitster het 'n kort opsomming oor die geskiedenis van die tak uit ou Notuleboeke saamgestel. Gou is familie uitgelê en kon die nageslag hoor van hul voorsate. So was mev. Rhoda Coetzee (moeder van tant Johanna Mienie) vanaf 1934 - 1955 onafgebroke voorsitster van die tak. Die eerste voorsitster was mev. Miemie Cronjé, moeder van mev. Gene Heyns. Die VLU-dames het hard gewerk om saammet die Oranje Boerevereniging geld in te samel vir die oprigting van die saal agter die Bliksaal by die skouterrein. Die boukoste het destyds R1 200. Hulde is ook aan al die voorgangers gebring. Verskeie geskenkies is aan lede oorhandig.

Die verrigtinge word afgesluit met heerlike tee en só betree die tak 'n eerste tree op die pad vorentoe met 'n gedagte van mev. Anna MacDonald van 1950: "Moet nooit aftree nie, dis beter om te verslyt as om te verroes."

## EVA'S ONTSPAN IN BUITELUG

Die huidige voorsitster, mev. Thea Jordaan (links) saammet vorige leidsters Daleen Fouché en Serah Bekker



Die Eva's het die somer ingewy deur die oggend by die swembad deur te bring. Hoed op die kop en ewe paraat het almal die ongewone "koel" somersweer aangedurf - gelukkig het die son later lekker warm geskyn.

Hilda Rochér het met die prys vir die treffendste hoed weggestap - hoewel sy maar moeilik met die "kolos" op haar kop beweeg het! Leona Fouché het as Golden Produkte-verteenwoordiger die eva's toegelig oor sonbrand en die voorkoming van skadelike sonbrand.

Daar was 'n pragtige uitstalling van swemdrag en Lynne Steyn het die dames meer omtrent dié mode vertel. Sy en Elma Smith het ook die fynere kunsies van sjokoladeversiering met die eva's gedeel. Heerlike gesondheidskosse en vrugtesap het as spyse gedien.

Volpunte aan Wilma Fouché en Lynne Steyn vir 'n baie oorspronklike oggend.


ONS KRUIK

Matheestr. 26, Zastron

Hartlike Kersgroete

Aan Alle Klante

TEL. 382


## NUWE BESTUUR - TENNISKLUB

Gedurende die algemene jaarvergadering is mnr. Jurie Schoeman verkies as voorsitter, Johan Jordaan onder-voorsitter, Petru Fouché sekretaresse en Ina Schoeman as tesourier. Die addisionele lede is Dorette van Rooyen, Elma Smit en Albert Swart.

# BESOEK AAN BAYREUTH

**Mev. Engela de Kock deel haar besondere ervaring met die lesers:**

Bayreuth is 'n skilderagtige dorpie in die suide van Duitsland, hoofstad van Beiere. Dit was my voorreg om saammet 12 ander operaliefhebbers van oor die hele land, vir twee onvergeetlike weke na die Wagner Festspiele in Bayreuth te gaan. Die Wagner opera seisoen duur vanaf middel Julie tot einde Augustus en vir ses weke is die dorpie 'n miernes van aktiwiteit. Ongeveer 57 000 mense sien elke jaar hierdie operas.

Wagner operas word sedert 1876 hier opgevoer. Dié gevierde Duitse dramaturg-komponis het 'n feesteater laat bou wat slegs meesterwerke van die Duitse verhoog sou opvoer. Die operahuis is gebou op 'n heuwel met 'n uitsig oor die hele dorpie. Die huidige operahuis was bedoel om slegs tydelik te wees, maar gelukkig het 'n permanente gebou nooit gerealiseer nie. Daar is hoofsaaklik slegs van hout as boumateriaal gebruik gemaak. Die ouditorium is ook van hout, asook die vloer, pilare en sitplekke; daar is geen stoffering nie - gevolglik is die akoestiese eienskappe uniek. Die gesonke orkesput is heel besonders omdat dit feitlik heeltemal toe is. Dit is 12 meter diep en alles is swart geverf om geensins die gehoor se aandag af te trek nie. Die hele orkes is omgekeer, sodat die eerste viole se klank nie teen die muur na die gehoor vasslaan nie, maar by die opening van die houtplafon kan uitstyg. Die gehoor kry op enige plek in die operahuis presies dieselfde klank. Daar is al van die akoestiek van die Festspielhaus gepraat as: "In this hall brass is transformed into gold." Die klank slaan uit die plafon van die orkesput en word dan na die verhoog geprojekteer. Al staan 'n sanger met sy rug na die gehoor, of al lê hy op sy maag, kan jy nog elke woord hoor wat hy sing! Dit is dieselfde effek as in 'n Griekse amfiteater.

Die verhoog is 32 m wyd, 40 m diep en 13 m hoog. Daar is 400 kolligte en verskeie Zenonligte met intensiewe krag. Ook word daar van laserstraalbeligting gebruik gemaak vir spesiale effekte. Geen vorm van klankversterking word gebruik ie, gevolglik is 'n Wagner-sanger iets heel besonders. 'n Besondere stemkwaliteit en asembeheer is nodig vir die lang note.

Die Wagner-koor bestaan uit 220 uitstaande sangers en nog nooit het ek sulke asemrowende koorsang gehoor nie, veral in "Der Fliegende Holländer" en "Tannhäuser". Dit is absoluut hoendervleis-mooi en voer jou na die hemel! Elke koorlid word gekies uit die beste kore in Europa. In die operahuis is daar sitplek vir 1 900 mense en ons het "Parsifall" met Placido Domingo in die hoofrol gesien, asook "Der Fliegende Höllander", "Tannhäuser", "Das Rheingold", "Die Walkürs". "Siegfried" en "Götterdämmerung". Kaartjies vir "Parsifal" het DM 2 300 gegaan op die swartmark die oggend voor die operahuis!

Daar is 700 mense in diens van die operahuis en dit sluit in orkes, koor, tegnici, beligtingspersoneel, verhoogbouers, garderobe en administrasie.

Wagner was gelukkig om 'n vermoënde weldoener in die persoon van Koning Ludwig II van Beiere te hê, wat hom onderhou het terwyl hy vry was om te skryf en te komponeer. Hy was persoonlik bevriend met komponiste soos Liszt (met wie se dogter, Cosima, hy getroud was), Grieg, Tchaikovsky, Bruckner, Mahler en Saint-Saëns.

Wagner se ideaal was dat musiek, drama en teater moet saamsmelt om musiekdrama te vorm. Sy orkes klink soos 'n solis en sy solis soos 'n orkes! Die orkes beeld al die emosionele ervaring van sy karakters uit: liefde, passie, haat, moedeloosheid, wraak sowel as die pikturale en landskapsaspekte van die mites waarop sy dramas gebou is. Sy operas is gebaseer op die Duitse legendes en sagas - volksmitologie en in sy musiek sien ons die Duitse woude, die wonder van die reënboog, die glinstering van die Rynrivier. Hy was die grootste van die romantiese komponiste (altans vir my!) Hy het nuwe orkeskombinasies gebruik, veral koper- en houtblaasinstrumente. Hy het nuwe harmoniese progressies gebruik en veral van rustelose chromatiese en kontrapuntale modulasies gebruik gemaak. Hy het geskilder met note. Kenmerkend van Wagner is sy "leitmotiv": karakters en situasies word verbeeld met kenmerkende musiektemas. Ons praat van Wagner se "nimmereindigende melodie" - altans, so klink dit, want ons kry nie die tradisionele musiekfrases, sinne en arias van die opera nie. Voor 'n melodie tot 'n logiese konklusie kan kom, begin die volgende melodie reeds en daarom klink die musiek of dit sweef. Die orkes is nooit begeleidend nie, maar 'n onafhanklike entiteit.

Bayreuth is 'n leefwyse. Soggens bestudeer jy die operateks en raak vertroud met die "leitmotivs" en dan gaan jy vroegmiddag al na die Festspielhaus - in jou aanddrag! Ja, in Bayreuth is dit strikdas en aandrok! As jy iemand sien wat nie so aangetrek is nie, is dit sonder uitsondering 'n Amerikaner. Hy wil aan die wêreld verkondig dat die Nuwe Wêreld oor die Ou Wêreld heers en dit doen hy


NEVES KAFFE
TEL. 532
BESTE WENSE VIR KERSFEES EN DIE NUWE JAAR



ZASTRON BANDE
SUPA QUICK
TEL. 385
Wens al die Zastronners 'n Geseënde Kersfees



MALHERBE SAAYMAN & SMITH
Prokureurs Notarisse
Hartlike Kersgroete aan al ons kliënte
Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
Tel. & Faks 05542-39&6

brutaal-astrant met sy jeans, sy Bermuda-shorts en sy tekkies!

Daar is pragtige tuine en grasperke om die operahuis en bankies oral. Daar sien jy die operagangers met hul kassetspelers en oorfone en die teks op die skoot, of 'n pa wat die teks voorlees aan sy kinders en verduidelik. Die strate om die operahuis het almal opera name, soos Siegfriedstrasse, Nibelungstrasse, Rheingoldstrasse, ens. Daar is restaurante en drink- en eetstalletjies op die terrein. Die opera begin om 16h00 en die eerste bedryf duur vanaf 'n uur tot anderhalfuur. Dan eet jy 'n ligte aandete terwyl die orkes en sangers 'n blaaskansie het en die dak van die operahuis word met water gesproei, want daar is geen lugreëling in die operahuis nie. Dan is dit die tweede bedryf en na 'n uur kom jy weer uit en jy drink jou glas Duitse bier of wyn of koffie. Jy gaan vir die laaste bedryf in en kom so teen tienuur se kant uit. "Sjoe!" sal jy sê, maar dit is suiwer genot - werklikwaar!

Voor elke bedryf verskyn 'n blaas-ensemble op die balkon van die operahuis en speel die belangrikste "leitmotiv" van die volgende bedryf. Dit prikkel jou belangstelling en plaas jou in die gees van wat gaan volg. Wanneer die ligte van die operahuis stadig verdoof, sak daar 'n tasbare stilte oor die gehoor en van êrens kom die hemelse orkesvoorspel en ontvou die drama.

Kan 'n mens 'n uur lank applous gee? Ja, jy kan en jy stamp ook jou voete en jy skree "bravo" oor en oor. So het ons elke aand applous gegee wanneer deelnemers en dirigente weer en weer na die verhoog geroep, veral die unieke dirigent, Daniël Baremboim.

Die Duitse operaganger ken sy opera, dis nou nie altemit nie - hy weet presies wat op die verhoog gaan gebeur en hy ken die partituur deur en deur - dis ongelooflik.

Eendag kom twee van ons terug van Nürnberg waar ons die dag in die Germanisches Nationale Museum gaan deurbring het. 'n Bejaarde Japanees klim in dieselfde treinwa, trek sy skoene uit en sit sy moeë voetjies behaaglik op die bank oorkant en sug diep. Ek vra, "Bist du müde?" (Is jy moeg?). Hy kyk onbegrypend na my en ek dag, nouja, Japanees kan ek nie praat nie en ek droog toe maar op. Na 'n rukkie neurie Vanessa een van die Leitmotivs uit "Siegfried" en skielik is ons buurman wawyd wakker en met 'n forse bariton sing hy die volgende paar note. Weg is sy moegheid. 'n Paar banke verder kyk twee Amerikaanse mans om en val ook in. Amerikaner, Japanees, Suid-Afrikaner - een taal - musiek is universeel - dit oorbrug alle grense.


Daar is nie juis geleentheid vir rondreis nie - twee weke gaan soos 'n gedagte verby, maar ons het tog Wagner se huis, "Wahnfried" besoek. Wagner se huis is pragtig gerestoureer na die Tweede Wêreldoorlog en gelukkig is sy unieke boekery ongeskonde. 'n Mens verstom jou aan die man se briljante brein. Sy vleuelklaviere en Klavichord is nog daar, handgeskrewe partiture, modelle van sy operas en die eerste kostuums van sy operas. In die pragtige tuine is sy graf en al die ruikers wat na die solistes saans gegooi word, word die volgende oggend as huldeblyk daarop geplaas. Ons het eendag na Regensburg gery - stad van kerke - waar die wêreldberoemde Domspatzen Seunskoor is. Dit is die allerfraaiste dorpie uit die Romeinse Tydperk - 'cobbelstone' straatjies en tipiese Romeinse herehuise. En kerke, sjoe - die een meer ryklik versier binnekant as die ander. In Nürnberg se Nasionale Museum, die grootste in Europa, is baie kunsskatte wat Hitler van ander Europese nasies 'geneem' en daar gebêre het. Ons het ure deurgebring in die saal waar al die antieke musiekinstrumente uitgestal is. Daar was instrumente van voor die Christelike jaartelling en kon 'n mens duidelik die ontwikkelingslyn trek deur die eeue. Dit was 'n openbaring om al die relikke uit die Middeleeuse Kloosters te sien. Ek was aangegryp deur die houtsneewerke van die 15de eeuse meester, Riemenschneider - so fyn, so lewensgetrou en feitlik ongeskonde ná vyf eeue.

Die laaste dag het ons na d Gottesackerkirche gegaan en die besonderse kerkie geluist na 'n ongelooflike orreli Helmuth Plattner en alt, Hil von Pöhl. In die begraafpla om die kerkie het ons d grafkelder van Franz Lis besoek, met die treffen grafskrif: "Ek weet dat m Verlosser lewe."

Twee weke is kort vir oorsese toer, maar dit wa veertien wonderlike dae en e glo nie ek sou veel meer ko absorbeer nie!


**MODEL SLAGHUIS**

TEL. 188



*'n Vreugdevolle Kersgety word almal toegewens*

Eien. G.C. Cronje & G.J. Marais



**KAAPSE DRAAI**

*Marko & Elsje Heymans wens al die Zastronners 'n Geseënde Kersfees en voorspoed in die Nuwejaar toe*




# ADVERTENSIES

Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 5 Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indi dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 ko Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.

**TE KOOP**

Juweliersware 9 karaat goud en sterling silwer. Baie billik pryse. Skakel mev. J. Viljoen, tel. 126.

**ALGEMEEN**

Daar is baie verlore klerasie, skoene, kosblikke ens. by die kanto van die Hoërskool Zastron. Kom kyk gerus, as daar van u ki se goed verlore is.

**WARE WINSKOPIES!!**

Seeppoeier - Gewone ....... 2 kg @ R7.10
- Automaties ... 2 kg @ R9.30
Oppervlakreiniger ......... 2 liter @ R4.80
Bleikmiddel ............... 2 liter @ R2.70
Wasgoedversagmiddel ....... 2 liter @ R3.50
Skottelgoedseep ........... 2 liter @ R4.30
Skuimbad .................. 2 liter @ R5.40
Toiletreiniger ............ 1 liter @ R2.75
Windowbright .............. 1 liter @ R1.90

**Beskikbaar by "Komma-In" of kontak Lené Hoffman by 140 Zastron.**

"WIZARD OF OZ"
Eien. J.L. Mans

'n Baie Geseënde Kersfees en 'n mooi Nuwejaar word u toegewens

TEL. 41



## ZASTRON GHOLFKLUB

Drie-en-dertig spelers het die hitte trotseer en aan die Standard Bank Gholfdag deelgeneem. Baie dankie aan die borg vir die groot pryse, ook spesiale dank aan Leon Barnard wat spesiaal vir die geleentheid gekom het. Die vertroue word uitgespreek dat die goeie gesindheid wat tussen die Gholfklub en dié Bank sal voortgaan.

Die uitslae was as volg: 1. Bill Shaer 42 2. G. Landman 37 3. F. Botes 37 4. Dermott Cusens 36 5. Louis Shaer 36 6. Redge Henning 36. Die langste dryfhou is deur Dermott Cusens gespeel (275 meter) en Des Schwartz was die naaste aan die pen (1 meter). Troospryse is aan Cobus Pretorius en Elmo Cusens vir hul tellings van 23 gegee.

## KRIEKET

Op 8 Desember het 24 manne bymekaar gekom om in 25 boulbeurte teen mekaar mee te ding. Dermott Cusens se span het eerste gekolf en 'n goeie 109 lopies geslaan. Uitblinkers met die kolf was Muskiet van Blerk, Teewie Fourie, Johan Melville. Tossie Smith het onder moeilike omstandighede sy span amper tot 'n oorwinning gelei, maar danksy die goeie boulwerk van die ander het die wedstryd gelyk geëindig. Cobus Steenkamp en Fanus Botes het vir hulle uitstekend gekolf.

Die Zastronners wat vroeg volgende jaar teen Rouxville sal meeding, is as volg:
John Melville, Cobus Steenkamp, Gary Aitken, Sean Aitken, Mike Smith, Ronnie van Tonder, Teewie Fourie, Muskiet van Blerk, Mac McCallaghan, Gerhard Landman, Fanus Botes, Pieter Brink.

## LAAT-KERSBOODSKAP

Daphne Stevens wens alle familie en vriende innige seënwense vir die Kersgety toe. Mag die woorde van Johannes 3:16 by vernuwing vir ons almal 'n werklikheid wees in die dae.

TEKEN NOU IN OP DIE ZASTRONNER

Stuur asb. vir ses maande (Jan. 1993 - Junie 1993) Die Zastronner aan:

MNR/MEV/MEJ..............................

ADRES ..........................................

..........................................................

.........................................KODE .......

INTEKENGELD R15.00

Stuur die tjek/posorder/kontant aan:
DIE ZASTRONNER
POSBUS 54

ZASTRON

DIE DORP MET 'N TOEKOMS
DIE DORP MET GROEIKRAG

HONORE et INDUSTRIA

HIER VIND U

Ongeewenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgeriewe
Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse
Munisipale dienste teen besonder billike tariewe
'n Gesonde, gematigde klimaat
Pulk woonwapark
Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes
Pulk hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede

KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER

Vir nadere besonderhede kontak
DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950
Tel. (05542) 18